## BERGRIVIER MUNISIPALITEIT / MUNICIPALITY

**VISIE:**
**Bergrivier: 'n vooruitstrewende gemeenskap waar almal wil leef, werk, leer en speel op 'n menswaardige manier.**

**VISION:**
**Bergrivier: a prosperous community where all want to live, work, learn and play in a dignified manner.**

DEUS EST VITA

**KERN WAARDES / CORE VALUES**

**We are all part of Bergrivier Municipality.**
**We render good services to ensure dignified living to all.**
**We are unashamedly pro-poor.**
**We believe in close innovative partnerships.**
**We believe in social and economic development of our area.**
**We care about our work and our colleagues.**
**We are disciplined.**
**We believe in good relationships.**
**We serve with pride.**

---



**35% WATERBEPERKINGS \ 35% WATER RESTRICTIONS \ 35% UKUTSHATHWA KWAMANZI**

***Gebruik water spaarsaam. Elke druppel tel.***

***Use water sparingly. Every drop counts.***

***Ukusetyenziswa kwamanzi ngokukhawuleza, Wonke amanqaku okulahla.***

---

## NOTULE VAN DIE SPESIALE RAADSVERGADERING GEHOU OP WOENSDAG 09 JANUARIE 2019 OM 10:00 IN DIE RAADSAAL, MUNISIPALE KANTORE, KERKSTRAAT, PIKETBERG

**TEENWOORDIG**

**LEDE VAN DIE VIERDE MUNISIPALE RAAD**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. A de Vries | [DA] | : | Speaker |
| Rdh. RM van Rooy | [DA] | : | Uitvoerende Burgemeester |
| Rdd. SM Crafford | [DA] | : | Uitvoerende Onderburgemeester |
| Rdl. MA Wessels | [DA] | | |
| Rdl. AJ du Plooy | [DA] | | |
| Rdl. J Daniels | [DA] | | |
| Rdl. JC Botha | [DA] | | |
| Rdl. A Small (Me) | [DA] | | |
| Rdl. SS Lesch (Me) | [ANC] | | |
| Rdh. J Swart | [ANC] | | |
| Rdd. SIJ Smit | [ANC] | | |
| Rdl. D de Bruin | [ANC] | | |

**AMPTENARE**

| | | |
|---|---|---|
| Adv. H Linde | : | Munisipale Bestuurder |
| Mnr. W Wagener | : | Direkteur Korporatiewe Dienste - waarnemend |
| Mnr. M Wüst | : | Direkteur Finansiële Dienste |
| Mnr. H Krohn | : | Direkteur Tegniese Dienste |
| Mnr. D Carolisen | : | Direkteur Gemeenskapsdienste - waarnemend |
| Mev. A van Sittert | : | Bestuurder: Strategiese Dienste |
| Mev. JS Erasmus | : | Interne Ouditeur |
| Mnr. AW Rheeder | : | Bestuurder: Administrasie |
| Me. V Julies | : | Klerk: Komitees |

***

**AKSIE**

**RVN001/01/2019**
**<u>OPENING EN VERWELKOMING</u>**

Raadslid du Plooy open die vergadering met 'n gebed, waarna die Speaker almal by die vergadering verwelkom.

'n Spesiale woord van verwelkoming word gerig aan die nuutaangestelde Direkteur: Finansiële Dienste, Mnr. Marius Wust.

***

**RVN002/01/2019**
**<u>AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID</u>**
**3/3/1/4**

Direkteur Gemeenskapsdienste – verlof
Direkteur Korporatiewe Dienste – verlof

***

**RVN003/01/2019**
**<u>VERKLARING VAN BELANGE INGEVOLGE SKEDULES 1 & 2 (GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE EN AMPTENARE)</u>**
**3/3/1/6**

Die Speaker verklaar namens alle Raadslede hul kollektiewe belange met betrekking tot item RVA008 in die agenda.

***

**RVN004/01/2019**
**<u>VERKLARINGS / MEDEDELINGS DEUR DIE SPEAKER EN MUNISIPALE BESTUURDER</u>**
**3/3/1/6**

<u>Die Speaker doen die volgende mededeling:</u>

**<u>LIEF</u>**

- Dat Jurene Erasmus verjaar op Vrydag 11 Januarie 2019;

<u>Die Munisipale Bestuurder doen die volgende mededelings:</u>

- Dat Raadslid de Bruin net na die vergadering vir `n fotosessie moet kom sodat sy foto op die webtuiste geplaas kan word;

<u>Die Burgemeester doen die volgende mededeling:</u>

**<u>LEED</u>**

- Dat Mnr. Jan Bril van Porterville oorlede is en ook Mnr Dawid Basson van Piketberg.

***

**RVN005/01/2019**
**<u>VOORLEGGINGS / ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS</u>**

Geen

***

**RVN006 /01/2019**
**MOSIES / VRAE**
**3/3/1/1, 3/3/1/2**

Geen

***

**RVN007/01/2019**
**DRINGENDE SAKE / VERSLAE VANAF DIE SPEAKER EN MUNISIPALE BESTUURDER**
**9/1/2**

Geen

***

**RVN008/01/2019**
**OORWEGING VAN RAADSLIDVERGOEDING 2018/19**
**5/11/1**

Die Munisipale Bestuurder lei die item in en gee agtergrond oor die item en meld dat die implementering van die Raadslidvergoeding slegs uitbetaal mag word, sodra goedkeuring deur die Provinsiale Minister van Plaaslike Regering verkry is.

Raadslid Swart versoek `n in-diepte gesprek met die Speaker en Burgemeester om die "Tools of Trade" te bespreek en uitklaring te kry oor sommige sake wat onduidelik is. Die Munisipale Bestuurder stel voor dat die gesprek die Direkteur Korporatiewe Dienste moet insluit en dat sy die gespreksessie sal reël sodra die Direkteur Korporatiewe Dienste op kantoor is. — ***MUNISIPALE BESTUURDER***

Raadslid Swart wil weet wat die doel van SETA by die Raadslidvergoeding is en die Munisipale Bestuurder sal uitvind en skriftelik terugvoering gee. — ***MUNISIPALE BESTUURDER***

**Die onderstaande besluit is eenparig deur die Raad aanvaar**

**BESLUIT**

1. Dat die maksimumperk vir raadslidvergoeding, soos gepubliseer in Staatskoerant No 1426 gedateer 21 Desember 2018 van toepassing op 'n Graad 3 munisipaliteit, terugwerkend vanaf 1 Julie 2018 goedgekeur word;
2. Dat die nodige goedkeuring by die Provinsiale Minister van Plaaslike Regering verkry word;
3. Dat die uitbetaling van die verhogings, waar van toepassing, gedoen word sodra die nodige goedkeuring verkry is vanaf die Provinsiale Minister van Plaaslike Regering; en
4. Dat daar kennis geneem word dat die goedgekeurde begrote bedrag voldoende is om die verhoging te akkommodeer.

***

**RVN009/01/2019**
**<u>BESLUITE VIR KENNISNAME INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID VAN UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING</u>**
**3/2/1/3**

Geen

***

**RVN010/01/2019**
**<u>WYKSKOMITEES : KENNISNAME / BESPREKING VAN VERSLAE EN NOTULES</u>**
**3/2/1/3**

Geen

***

**RVN011/01/2019**
**<u>IN-KOMITEE: AANBEVELINGS EN VERSLAE VOORGELÉ VIR OORWEGING DEUR DIE RAAD</u>**
**3/2/1/3**

Geen

***

**RVN012/01/2019**
**<u>IN-KOMITEE BESLUITE INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID EN ITEMS WAARVAN KENNIS GENEEM IS, TER INLIGTING VAN DIE RAAD</u>**
**3/2/1/3**

Geen

***

***DIE VERGADERING VERDAAG OM 10:19***

***

*HIERMEE BEVESTIG EK DIE ONDERGETEKENDE DAT HIERDIE NOTULE SOOS BEKRAGTIG 'N WARE WEERGAWE IS VAN DIE VERRIGTINGE*

***VOORSITTER (SPEAKER)*** ***DATUM***